

WEEK 5

’n Lang en pynvolle toets

ONS KAART

Ons gaan vir Abraham volg en kyk hoe God sy geloof toets deur hom te laat wag vir die beloofde seun. Ten spyte van baie hoog en laagtepunte in Abraham se geloof, seën God hom uiteindelik met ’n seun genaamd Isak.

VERS VIR DIE WEEK: Genesis 22:14

MAANDAG

Genesis 21: 1-7: Abraham se seun word gebore

1. Watter beloftes het God gehou? (v1 -2)

God het aan Abraham ’n seun belowe en Sy belofte gehou.

2. Hoe maak God ons lag? (v.6)

God laat ons van vreugde lag wanneer Hy Sy beloftes hou.

Ons moet onself verheug in die vervulling van God se beloftes, veral die belofte van Sy Seun ons Verlosser (Lukas 2:10-11).

Dank God vir die vreugde van verlossing deur Sy Seun Jesus Christus.

DINSDAG

Genesis 21: 8-13: ’n Ander seun word beskerm

1. Hoekom moes Ismael van die huis af weggaan?

Hy het vir Sara gelag op ’n spottende wyse.

2. Wat is die verskil tussen Ismael en Isak? (Gal. 4:23).

Die een is gebore deur menslike pogings, die ander deur God se belofte.

Ons kan of vertrou op menslike pogings om ons te red, of op God se beloftes vertrou (Gal. 4:23-31)

Vra God om ons te help om nie op ons eie vermoëns staat te maak nie, maar om ons geloof te gee in die beloftes van die evangelie.

WOENSDAG

Genesis 22: 1-5: Abraham se seun moet sterf

1. Wat het God beveel moes Abraham aan Isak doen? (v.2).

Hy moes hom offer.

2. Hoe het Abraham op God se bevel gereageer (v.3; Heb. 11:17)

Hy was deur die geloof gehoorsaam.

Ons kan God se moeilikste bevel gehoorsaam deur geloof in God.

Prys die Here dat Hy ons geloof gee wanneer ons moeilike dinge moet doen.

DONDERDAG

Genesis 22:6-10: Abraham lê sy seun op die offeraltaar.

1. Wat het Abraham aan Isak gesê (v.8)?

God sal self 'n offerlam voorsien.

2. Het God al ooit vir jou voorsien as jy in moeilike omstandighede is?

Vra jou familie vir voorbeelde van God se voorsiening in hulle lewe.

God sal vir al jou behoeftes voorsien (Fil. 4:19)?

Prys die Here dat Hy in al jou beloftes voorsien.

VRYDAG

Genesis 22:11-14: Abraham vind 'n plaasvervanger vir sy seun

1. Wat het Abraham gedoen met die ram (v.13)?

Hy het dit geoffer in plaas van Isak.

2. Wat is 'n plaasvervanger?

Dit is wanneer iemand vir 'n ander instaan of iemand se plek inneem.

Jesus is ons plaasvervanger, die een wat instaan vir die hulpelose.

Vra Jesus om jou plaasvervanger te wees, sodat ook jy gered kan word.

SATERDAG

Genesis 22:15-19: Abraham se seun sal 'n groot seëning wees.

1. Hoe sal God die nasies seën? (v.18)

God sal die nasies seën deur Abraham se nageslag.

2. Wie is Abraham se nageslag (Gal. 3:16)

Abraham se nageslag is uiteindelik Jesus Christus.

God het die nasies geseën deur Abraham se nageslag, wat Jesus is en deur Hom word Abraham se geestelike nageslag ontelbaar vermenigvuldig.

Bid dat God die nasies sal seën, deur Abraham se nageslag, die Here Jesus.

SONDAG

Lees die teksvers van die prediking vanoggend.

Wat het jy geleer oor God?

Wat het jy geleer oor sonde?

Wat het jy geleer oor Jesus?

Wat het jy geleer oor die lewe?

Wat was die groot les vir jou uit die preek?

Waartoe lei die preek ons om voor te bid?